GEDRAGSKODE EN ALGEMENE BELEID VAN VEREENIGING GIMNASIUM

1 ALGEMENE BELEID

1.1 VISIE

Om vanuit ‘n Christelike- en Afrikaans kultuurgerigte perspektief die leerder deur uitnemende onderwys na volwassenheid te lei en om aan elkeen die beste blootstelling en geleenthede te bied.

1.2 DIE MISSIE VAN DIE SKOOL

1. Om ‘n hoë kwaliteit van gebalanseerde en holistiese opvoeding te voorsien d.m.v. Afrikaanse moedertaal-onderwys.
2. Om waardes en norme te handhaaf wat gebaseer is op Christelike beginsels.
3. Om uitgebreide vakkeuses daar te stel wat al die akademiese-, tegnologiese- en landbouvakke insluit.
4. Om ons leerders te lei om verantwoordelike burgers en leiers van die toekomstige samelewing te word.
5. Om ‘n trotse en samehorige skoolgemeenskap van gemotiveerde opvoeders, gelukkige leerders en ondersteunende ouers te vestig.
6. Om ‘n wenkultuur te vestig deur op bewese tradisies voort te bou.

2 GEDRAGSKODE

2.1 RIGLYNE

2.1.1 Algemene Beginsels

Die grondslag waarop hierdie gedragskode berus, is die Grondwet van die RSA en die beginsels wat daaruit voortspruit. Dit beteken dat hierdie beginsels in alle fasette van ons persoonlike en openbare optrede sal geld. Die beginsel van geloofs- en gewetensvryheid word gehandhaaf. Besware moet skriftelik by die hoof ingedien word.

1 Die kode handhaaf die Handves van Menseregte wat deur die Republiek van Suid-Afrika aanvaar is.

2 Die skoolgemeenskap van Vereeniging Gimnasium behou die reg om waardes, norme en kodes op te stel wat deur individue gerespekteer en gehandhaaf moet word.

3 Die Grondwet, asook skoolreëls van Vereeniging Gimnasium, word deur leerlinge, ouers en personeel aanvaar en toegepas.

4 Die waardigheid, oortuigings en regte van personeel, ouers en leerlinge word wedersyds erken, asook die reg tot privaatheid en vertroulikheid.

5 Verder stel dié gedragskode ‘n duidelike raamwerk vir optrede en verhoudings in ons skool sodat harmonie, respek en liefde ‘n kenmerk van ons skool sal wees. Die liefdesgebod behoort die basiese dryfveer in ons optrede te wees.

6 Klem moet eerder geplaas word op gesonde waardes, waardering, aanmoediging en wedersydse respek as op veroordeling en straf.

7 Regstellende optrede moet veral konsentreer om hierdie deugde vas te lê.

8 Daar moet ruimte gemaak word vir persoonlike style en smake. Individue se reg hiertoe behoort gerespekteer en eerbiedig te word, maar bly ondergeskik aan die skoolreëls.

9 Die ontwikkeling van ‘n gebalanseerde karakter en persoonlikheid moet hoë prioriteit geniet.

10 ‘n Hoë mate van integriteit (geloofwaardigheid) moet geld in ons verhoudings waarin ons eerlik en opreg met mekaar handel.

11 ‘n Ferm standpunt word ingeneem teenoor persone wat hierdie kodes oortree en daar sal nie gehuiwer word om op te tree teen die doelbewuste

ondergrawing hiervan nie.

2.1.2 Gesag - SASW (wet no. 84 van 1996 Art. 8(1) bemagtig die Beheerliggaam van ‘n skool om dissipline te handhaaf.

1 Gesagsfigure word erken en gerespekteer. Gesagsuittarting, -afkraking en -ondermyning is nie kenmerke van ‘n gesonde skoolgemeenskap nie. Waardering, aanvaarding en erkenning behoort eerder die kenmerke te wees.

2 Die vlak van aanspreeklikheid en verantwoordelikheid word baie sterk in aanmerking geneem wanneer finale uitsprake gemaak word.

3 Gesagsmisbruik word nie toegelaat nie. Gesag moet altyd gerig wees op dienslewering. Empatie en deernis in die toepassing van gesag is noodsaaklik vir ‘n harmonieuse skoolklimaat. Konsekwente, ferme en regverdige optrede is net so belangrik om orde en stabiliteit te handhaaf.

4 Die finale verantwoordelikheid vir die leerder se gedrag lê by die ouer/voog. Indien nodig kan die skool ‘n interdik teen die ouer/voog aanvra om die ouer/voog te dwing om hierdie verantwoordelikheid na te kom.

2.1.3 Konflikhantering - beginsels en maatreëls

1 Aggressiewe reaksies bied nie oplossings nie. Emosionele beheer moet toegepas word. Waak teen onnodige aggressie m.b.t. stemgebruik en lyftaal.

2 Wees eerlik en reguit sonder om takt en goeie oordeel prys te gee.

3 Waak teen ‘n alles-of-nikshouding (wen of verloor). In enige konflik behoort partye ingestel te wees op kompromie waarby alle partye kan baat. Beginsels word nie prysgegee nie, maar styl wel.

4 Wedersydse openhartigheid en eerlikheid behoort kenmerkend te wees van ons verhouding.

5 Enige persoon moet die geleentheid gebied word om sy/haar saak te stel met verskille en teenargumente. Dit moet nie as persoonlike aanvalle beskou word nie.

6 Die algemene regsbeginsel geld dat ‘n persoon onskuldig is totdat die teendeel bewys is.

7 ‘n Persoon word nie in die openbaar beskuldig en verhoor nie - dit wek onnodige aggressie en is vernederend.

8 Indien ‘n persoon nie bereid is om getuienis of verklarings af te lê nie, word bewerings as karakterskending beskou.

9 Dit is onbillik om gevolgtrekkings te maak en emosioneel te reageer sonder om alle partye die geleentheid te bied om sy/haar saak te stel en alle feite te versamel.

10 Indien geskille ontstaan, moet ‘n afspraak by die skool gereël word. Privaattyd van persone moet gerespekteer word.

11 Aangeklaagdes word privaat verhoor. Onderhoude word as vertroulik beskou en nie met buitestanders bespreek nie.

12 Alle feite en dokumentasie moet versamel word en indien nodig, moet beëdigde verklarings afgelê word.

13 Aanklagte word as bewerings hanteer en die aangeklaagde kry ‘n kans om sy/haar saak te stel.

14 Partye kry om die beurt die geleentheid om hulle saak te stel.

15 Aantekeninge van onderhoude moet gemaak word.

16 Konflikhantering moet eerder ingestel wees op permanente oplossings as om vergeldende stappe te neem.

17 Leiding moet gegee word wanneer ‘n persoon oortree het deur middel van regstellende optredes en die verandering van sienswyses en norme.

18 Daar moet nie gehuiwer word om duidelikheid te gee m.b.t. strafmaatreëls en die gevolge daarvan nie.

19 Billike strafmaatreëls moet toegepas word en geleentheid sal gegun word

om die saak reg te stel. Die straf moet verband hou met die oortreding en oortreder.

20 Geskille word telkens deur daargestelde kanale besleg met die reg tot appèl na hoër gesag.

21 Wanneer ‘n saak afgehandel is, word dit so hanteer. Dit is onbillik om gedurig na ou koeie te verwys.

22 Vergewensgesindheid behoort ‘n sterk karaktereienskap te wees by ons gemeenskap. Verantwoordelikheid en rekenskap van ‘n persoon se optrede is ewe belangrik.

2.1.4 Riglyne vir ouers

1 ***Ouers en hulle kinders***

a. Ouers aanvaar hulle primêre taak tot die totale opvoeding van hulle kinders en dit behels geestelike, fisiese en sosiale ontwikkeling, sowel as karakter- en persoonlikheidsgroei.

b. Ouers behoort hulle kinders met liefde na volwassenheid te lei. Balans behoort gehandhaaf te word tussen liefde en dissipline en oortoegeeflikheid en oorheersing behoort vermy te word.

c. Ouers aanvaar verantwoordelikheid vir hulle kinders se optrede en behoort moeite te doen om toesig en beheer uit te oefen en indien nodig, strafmaatreëls billik en regverdig toe te pas

d. Binne die vermoëns van ouers behoort hulle ‘n gesonde belangstelling in die ontwikkeling van hulle kinders se aanlegte, karakters en persoonlikhede te toon.

e. Die individualiteit van elke kind behoort erken en gerespekteer te word. Ouers behoort daarteen te waak om nie hulle onvervulde ideale op hulle kinders te verplaas nie.

f. Moeite behoort gedoen te word om ‘n stabiele gesinslewe te kweek waarin liefde, respek, waardering en geborgenheid heers.

g. Ouers behoort moeite te doen om kundigheid en hulp te verkry wanneer leemtes ervaar word.

h. Besondere klem val op die selfstandigmaking van kinders. Kinders word geleer om krities ingestel te wees en om hulle eie persoonlikhede te ontwikkel met vaardighede wat nodig is om hierdie selfstandigheid te handhaaf.

I. Balans behoort gehandhaaf te word in selfstandigheidsontwikkeling en die proses van sosialisering. Daarom moet veral klem geplaas word op respek, gesagsaanvaarding, onderhandeling, konflikhantering en om as individue groepsbelange te bevorder. Die krag van gesonde groepsvorming om doelwitte te bereik, moet uitgebou word.

j. Die inskakeling in die breë Suid-Afrikaanse samelewing is belangrik om ten volle te kan funksioneer. Kinders moet geleer word om ‘n balans te handhaaf tussen die belang van hulle eie identiteit, groepsbelang en ‘n kultuur van verdraagsaamheid en inskakeling by die breë werksgemeenskap en samelewing.

2 ***Ouers en die skool***

a. Ouers erken, respekteer en handhaaf die Grondwet, gedragskode, skoolreëls en skoolprogram van ons skool.

b. ‘n Spontane en oop verhouding tussen ouers en personeel behoort aangemoedig en gekweek te word. Die volgende kenmerke behoort sterk gestimuleer te word: eerlikheid, openhartigheid, billikheid, lojaliteit en ondersteuning.

c. Ouers behoort moeite te doen om betrokke te raak by werksaamhede van die skool en word aangemoedig om hulle dienste, kundigheid en hulp aan te bied

by die Beheerliggaam, komitees en aktiwiteite.

d. Moeite behoort gedoen te word om betrokke te raak by die ontwikkeling van kinders in skoolverband deur die ondersteuning van oueraande, kommunikasie d.m.v. skrywes, onderhoude en die bywoning van aktiwiteite en funksies.

e. Die professionaliteit van personeel word gerespekteer en ouers behoort daarteen te waak om nie op dié terrein te oortree deur onbehoorlike inmenging nie. Indien kwelvrae ontstaan, word die hoof genader.

f. Personeel se privaatheid behoort gerespekteer te word en skoolsake behoort binne skooltyd hanteer te word deur persoonlike afsprake te maak.

g. Die gesag van personeel moet eerbiedig word en eensydige weergawes behoort eers met feite gekontroleer te word. Alle partye se weergawes moet aangehoor word.

h. Die goeie naam van die skool behoort te alle tye beskerm te word en ouers behoort moeite te doen om lojaal te wees. Indien geskille ontstaan, behoort die skoolhoof en/of voorsitter van die beheerliggaam eers genader te word voordat departementele of regsingryping oorweeg word.

2.1.5 Gedragskode vir Opvoeders

Opvoeders aanvaar die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Onderwysraad

1 *Die Opvoeder en die leerder*

a. Eerbiedig die waardigheid, oortuigings en regte van leerders, asook hulle reg tot privaatheid en vertroulikheid.

b. Erken die individualiteit en behoeftes van elke kind en lei en moedig kinders aan om hulle potensiaal te bereik.

c. Doen sy of haar bes om leerders te besiel met waardes wat deur die skool en die grondwet daargestel is.

d. Opvoeders stel te alle tye ‘n voorbeeld in die handhawing van positiewe waardes.

e. Tree met gesag, maar ook met deernis op.

f. Leerders mag nie verneder word nie. Daar mag ook nie geslagtelik met hulle verkeer word nie.

g. Leerders mag nie seksueel of liggaamlik geteister word nie.

h. Opvoeders moet ordentlike taal gebruik en hulle op so ‘n wyse gedra dat dit respek by leerders sal afdwing.

I. Opvoeders moet binne sy of haar vermoë die nodige stappe doen om die veiligheid en sorg van leerders te verseker.

j. Opvoeders mag nie sy of haar posisie misbruik vir geldelike, politieke of persoonlike gewin nie.

2 *Die Opvoeder en die ouer*

a. ‘n Opvoeder behoort goeie verhoudings met ouers te bevorder en bied samewerking met die ouerhuis aan.

b. Respek vir ouers se opvoeding en status sal eerbiedig word.

c. Hou ouers op hoogte van hulle kinders se vordering deur eerlike en gebalanseerde evaluering.

3 *Die Opvoeder en die gemeenskap*

a. ‘n Opvoeder erken dat ons skool die gemeenskap dien en aanvaar die verskillende gewoontes, oortuigings en gebruike hiervan.

4 *Die Opvoeder en kollegas*

Opvoeders:

a. ondermyn nie die status en gesag van kollegas nie.

b. val kollegas nie seksueel lastig nie.

c. respekteer die verantwoordelikhede en gesag van kollegas op alle terreine.

d. volg die korrekte prosedure in geval van professionele onbekwaamheid of wangedrag.

5 *Die Opvoeder in die beroep*

Opvoeders:

a. erken dat sy/haar pligte die samewerking en ondersteuning van kollegas vereis.
b. bly op hoogte van die ontwikkelinge op onderwysgebied.
c. bevorder die voortdurende ontwikkeling van onderwys.
d. aanvaar dat hy/sy professioneel teenoor die onderwys verantwoordelik is.

6 *Die Opvoeder en die werkgewer*

***Opvoeders*:**

a. erken die werkgewer as vennoot.
b. erken die verantwoordelikhede en gesag van die werkgewer en lewer die beste moontlike diens.
c. bespreek nie vertroulike en amptelike sake met ongemagtigde persone nie.
d. kan aan ‘n dissiplinêre verhoor onderwerp word indien hy/sy in ‘n hof aan ‘n kriminele misdryf skuldig bevind word en die misdryf ook ‘n oortreding van die gedragskode is.

2.1.6 Gedragskode vir leerders

1 *Die leerder en die opvoeder*

a. Die gesag van opvoeders word aanvaar en die kind onderwerp hom/haar aan die opvoeding en onderrig van die opvoeder.
b. Opvoeders word met respek bejeën en ‘n leerder moet saamwerk om ten volle te ontwikkel t.o.v. die skoolprogram.
c. Leerders moet die goeie naam van personeel beskerm en nie kwaadwilligheid saai nie.
d. Opvoeders se eiendom en privaatheid moet beskerm en gerespekteer word.
e. Leerders ontwikkel wedersydse vertroue deur openhartige kommunikasie met opvoeders.
f. Konflikte en probleme moet langs erkende gesagskanale hanteer word.

2 *Die leerder en die skool*

a. ‘n Leerder onderwerp hom/haar aan die grondwet, skoolreëls en skoolprogram van die skool en doen alles in sy/haar vermoë om aan die skoolprogram deel te neem volgens eie talente en vermoëns.
b. Respekteer die eiendom van die skool deur ‘n kultuur van bewaring en versorging te skep.
c. Lojaliteit teenoor die skool sal te alle tye gehandhaaf en uitgebou word en die goeie naam van die skool moet beskerm word.
d. Leerders moet intens betrokke raak by die ontwikkeling waarin elke leerder maksimaal kan groei.

3 *Die leerder en mede-leerders*

a. ‘n Leerder moet mede-leerders met respek behandel en hulle regte erken en beskerm.
b. ‘n Leerder aanvaar dat verhoudings met mede-leerders belangrik is vir sosiale vorming. Die handhawing van individuele regte teenoor inskakeling by die groep moet op ‘n gebalanseerde wyse beoefen word. Daar moet gewaak word teen afskeiding aan die een kant en groepsverslawing aan die ander kant.
c. ‘n Leerder moet besondere respek handhaaf teenoor die reg van ‘n mede-leerder om onderrig te ontvang en praktyke vermy wat hierdie reg ondermyn.
d. Privaat eiendom en die persoon van mede-leerders moet gerespekteer en

beskerm word.

e. ‘n Leerder erken die gesag van mede-leerders wat tot leierposisies gekies word en bied heelhartige samewerking hierin.

f. Die tugmaatreëls van die skool word aanvaar en elke leerder onderwerp hom/haar hieraan. Indien onbillike toepassing hiervan plaasvind, word die erkende kanale tot appèl gevolg.

g. Leerders mag nie kwaadwillige uitsprake/kommentaar van die skool, mede-leerders, ouers of personeel op sosiale netwerke (bv Facebook, Whatspp ens) maak nie.

2.2 SKOOLBELEID EN -REëLS

INLEIDING

1 Skoolreëls berus op die Grondwet van die RSA en die SASW en vorm die grondslag waarop skoolreëls gefundeer en toegepas word.

2 Skoolreëls bevorder die algemene opvoeding van die individuele kind, asook die welsyn van opvoedingsinrigting.
Die doel van skoolreëls is om die skool ‘n veilige plek te maak waar ‘n atmosfeer van harmonie heers sodat doeltreffende opvoedende onderwys kan plaasvind. Skoolreëls spruit voort uit die kind se regsplig tot gehoorsaamheid en stel die opvoedkundige mikpunte of doelstellings duidelik aan die gemeenskap.

3 Die skooluniform is ‘n verlengstuk van die skool en daarom geld alle gedragsreëls en die gesag van die skool vir die kind solank hy in uniform in die openbaar is. Leerlinge is dus verplig om alle skoolreëls na te kom solank hulle in die openbaar is.

4 Indien die kind met die skool geassosieer kan word en die skool se naam hoegenaamd in die gedrang kom, is enige wandaad, ongeag of die leerling ‘n uniform aan het of nie, strafbaar.

5 Indien ouers/voogde of enige ander betrokkenes weier om hulle volle samewerking te gee t.o.v. die afdwingbaarheid van die huishoudelike reëls/ gedragskode van Vereeniging Gimnasium, sal die saak aan die Beheerliggaam oorhandig word vir toepaslike optrede.

6 Let asseblief op dat -
Enige persoon wat ‘n leerder van die skool verbied, of op enige wyse doelbewus verhinder, om ‘n huishoudelike reël wat ingevolge hierdie regulasie opgestel en in sodanige skool van toepassing is, na te kom, is aan ‘n misdryf skuldig en in die geval van ‘n eerste skuldigbevinding in ‘n hof, strafbaar met ‘n boete van hoogstens R50 of gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens 30 dae en in die geval van ‘n tweede of verdere skuldigbevinding, met ‘n boete van hoogstens R100 of gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens 60 dae (Staatskoerant, 1990:126)

7 Voorkoms en Drag
As gevolg van die opvoedkundige waarde daarvan, plaas die skool ‘n hoë premie op die persoonlike netheid en algemene voorkoms van ons leerders te alle tye.

Ons aanvaar dat die skoolbaadjie ‘n belangrike komponent van die skooldrag is, sodat ons leerders altyd uitgeken kan word as Gimmies. Die skoolbaadjie word van ‘n wasbare poliëster vervaardig. Afwykings van die skooldrag en -reëls moet onmiddellik deur die ouer reggestel word. ‘n Leerder kan toelating geweier word indien ouers versuim of weier om dit reg te stel.

GELOOFSOORTUIGING EN VOORKOMS / KLEREDRAG

Indien ‘n leerder se kultuur of geloofsoortuiging strydig is met reëls vir skooldrag, word die volgende prosedure toegepas:

i) Die leerder en ouer/voog doen skriftelik aansoek by die Beheerliggaam

ii) Die uitvoerende hoof van die kultuur- of godsdiensgroep waaraan die leerder en/of ouer behoort, moet skriftelik verklaar dat die kleredrag of uiterlike teken wat strydig met die skoolreëls is, deur die organisasie vereis word.

iii) Die leerder en/of ouer/voog moet bereid wees om ‘n onderhoud met die Beheerliggaam te hou.

iv) Skriftelike toestemming van die Beheerliggaam moet eers verkry word voordat die gewysigde voorkoms of kleredrag toegepas mag word.

7.1 Seuns

Somersdrag 1 September tot 30 April

- Navy kleurbaadjie verpligtend op Maandae en alle skoolfunksies.
- ‘n Wit kortmouhemp met navyborduurwerk op die kraag.
- Wit hemde moet ‘n konvensionele skoolhemp wees met geen versiering van enige aard nie.
- Kort of lang grys broek. GEEN noupassende broeke aanvaarbaar. Geen noupypbroek word toegelaat nie. Slegs ‘n grys of swart gordel word by die broek gedra. Gespe mag niks adverteer nie.
- Swart skoolskoene. (Insteek of veters). Geen sportskoene of modeskoene nie. Die dikte van die sool moet in verhouding met die boonste gedeelte wees. Geen versiering word toegelaat nie. Gespe aan skoene toelaatbaar.
- Navy knielengte kouse.
- Alle Eerste spanne dra volle A-drag saam met spankeps.

Wintersdrag 1Mei tot 31 Augustus

- Navy kleurbaadjie verpligtend.
- Kort of lang grys broek met navy knielengte kouse. Nie noupassend.
- Wit langmouhemp met navy borduurwerk op die kraag en die boonste hempsknoop vas. Graad 8-11 dra navy oortrektrui met navy, groen en rooi strepe. Graad 12-leerlinge dra wit oortrektrui met groen das.
- Skoene en kouse soos vir somersdrag.
- Geen jasse, windbrekers, kepse of hoede word toegelaat nie.
- Slegs skoolserp word toegelaat
- Alle Eerste spanne dra volle A-drag saam met spankeps.

S**portdrag**

- Word jaarliks aan die klerekomitee voorgelê vir goedkeuring.

Informele Skooldrag (Vrydag drag)

- Dit word by geleenthede gedra soos deur die skool gereël.
- Die skool se amptelike informele hempie.
- ‘n Netjiese blou denim langbroek. Geen skeure en tot by skoene.
- Toepaslike informele skoene (toe skoene, bv. tekkies met veters).
- Voorkomsreëls geld.

Algemene voorkoms: Reëls vir seuns

- ***Hare***

  Die hoof sal finaal uitspraak lewer oor die korrektheid al dan nie van ‘n haarstyl.

* Hare moet so ‘n lengte hê dat dit heeldag netjies sal vertoon.
* Baarde word nie toegelaat vir seuns wat reeds skeer nie en gesigte moet in alle gevalle skoongeskeer word.
* Die volgende voorwaardes geld -
  - Die hare bokant die haarlyn moet geleidelik weggesny wees. ‘n “Matraskop” en “comb-over” style word nie aanvaar nie.
  - Wangbaarde moet kort geknip en nie laer as die oorgat wees nie.
  - Bokant die ore moet die hare ook kort geknip wees sodat dit nie oor die ore hang nie.
  - Haarlyn agter minstens 1 cm bokant die kraag.
* Indien ‘n kuif gedra word, moet dit nie oor die wenkbroue kan sak nie en so wees, dat indien dit afgekam word, die hare nie verby die ooglyn strek nie. Die kuif moet gelyke lengte hê.
* Seuns wat hulle hare normaalweg oor die voorkop kam, se haarlyn mag nie nader as 2 cm van die wenkbroue wees nie.
* Borselkop word toegelaat mits die lengte bo nie 2 cm oorskry nie en die hare ewe lank is.
* Geen kultus neiging word toegelaat nie bv. punk-styl, “*steps”*, stertjies, *“skinheads”* en ekstreme afwykings van die normale aanvaarbare skoolhaarstyle nie. Die Beheerliggaam sal finale uitspraak hieroor lewer.
* Bleiking en verkleuring word nie toegelaat nie.
* Aansmeermiddels word toegelaat onder die volgende voorwaardes : Geen punte of woeste voorkoms. Indien hare opgekam word, nie langer as 2 cm nie.

Algemeen

* Geen versierings soos ringe, tongringe, bande of kettings mag gedra word nie.
* Leerders word daarop gewys dat dit elkeen se plig is om te alle tye volgens die reëls te handel en dat dit nie nodig moet wees om streng op te tree nie.
* Liggaamponsing en/of -skending word verbied.Ouers word vriendelik uitgenooi om betyds met die hoof te skakel indien probleme in die verband ondervind word. Tatoëring mag nooit sigbaar wees nie.

7.2 Dogters

Somersdrag 1 September tot 30 April

- Navy kleurbaadjie verpligtend.
- ‘n Wit dogtersnit kortmouhemp met navyborduurwerk op kraag.
- Wit hemde moet ‘n konvensionele skoolhemp wees met geen versiering van enige aard nie.
- Donkergroen rokkie verpligtend.
- In knielende posisie mag die roksoom nie verder van die grond af wees as 12 cm of 4 vingers nie.
- Geen rokkie mag nouer gewerk word nie.
- Wit sokkies. Moet opgetrek wees.
- Swart poleerbare skoolskoene of ortopediese skoene met ‘n band oor die voet.
- Die skooltrui se moue mag nie opgeskuif word nie, omdat dit moue uitrek en onnet vertoon.

Wintersdrag 1 Mei tot 31 Augustus

- Navy kleurbaadjie verpligtend op Maandae en tydens skoolfunksies
- Navy langbroek met wit sokkies of ‘n donkergroen rokkie met donkerblou opaque sykouse
- Wit dogtersnit langmouhemp met navy borduurwerk op die kraag en die boonste hempsknoop vas. Graad 8-11 dra navy oortrektrui met navy, groen en rooi strepe. Graad 12-leerlinge dra wit oortrektrui of wit langmoutrui met groen

das.
- Skoene en kouse soos vir somersdrag.
- Geen jasse,windbrekers, hoede of pette word toegelaat nie.
- Slegs skoolserp is toelaatbaar.
- Komberse wat om die lyf gedraai word, word nie toegelaat nie.

Sportdrag
- Word jaarliks deur die klerekomitee bepaal.
- Uitstapdrag vir Eerste spanne saam met volledige A-drag.

Informele Skooldrag (Vrydag drag)
- Dit word by geleenthede gedra soos deur die skool gereël.
- Die skool se amptelike informele hempie.
- 'n Blou denim langbroek. Geen skeure en tot by skoene.
- Toepaslike informele skoene (toe skoene, bv. tekkies met veters).
- 'n Wit diamantoorbel, dieselfde grootte as die goue knoppie, mag saam met informele drag gedra word.
- Voorkomsreëls geld.

Algemene voorkoms : Reëls vir dogters

Ons verwag dat ons dogters se hare altyd skoon en netjies moet wees en geen kultusneigings word geduld nie. Die volgende reëls geld dus:

Hare

1. - Die kant van die gesig moet oop en vry van loshangende hare wees. Geen loshangslierte nie.
   - Sodra die hare die middel van die baadjiekraag raak, moet dit vasgemaak word in 'n poniestert agter (nie bo of langs die kant nie) op die kop.
   - Gepluisde ("tease") hare is verbode.
     NB Poniesterte en vlegsels word met die voorgeskrewe kleure bolletjies of linte vasgemaak, t.w. die skoolkleure (navy, groen, rooi of wit)
     T.o.v. haarknippies: dit moet funksioneel wees en nie net as 'n versiering gedra word nie. Geen knippies met motiewe op nie.
     Wanneer bolletjies en knippies (gelyktydig) gedra word, moet dit van dieselfde kleur wees. Slegs skoolkleure word toegelaat.
     'n Vermenging van die skoolkleure is nie toelaatbaar nie.
     Permanent gegolfde hare (kapstertkrulle, "perm") mag nie wild vertoon nie. Indien hare wat vasgemaak word by 'n dogter se vuis uitsteek, moet dit op die konvensionele wyse vasgemaak word.
   - Gekleurde hare en strepies in die hare is absoluut verbode.
   - Skriftelike aansoek moet by die Beheerliggaam gedoen word vir die dra van "braids" en pruike.

   LW. GEEN van die volgende bymiddels word in hierdie verband toegelaat nie:
   - Peroksied/waterstofperoksied, "seepbleik"
   - Spoelmiddels bv. "Nice and Easy", ens.
   - Ligstrepe in hare - "High Lights".
   - Geen loshangstertjies (duiwelstertjies) nie.
   - Geen haarsproei wat hare hard of taai maak nie.
   - Grimering, vals naels en versierings.
   - Geen vorm van grimering word toegelaat nie.
   - EEN Seëlring, polshorlosie (dames) en voorgeskrewe oorringe mag gedra word.
   - Slegs EEN oorring (per oor) (maksimum 15 mm in deursnee) of knoppie in goud of silwer (3mm in deursnee) mag gedra word en wel slegs in die

onderste gaatjie van die oorlel.
- Naels mag nie van palmkant van die hand af sigbaar wees nie.
- Kleurlose naellak word op vinger of toonnaels toegelaat.
- Liggaamponsing en/of –skending word nie toegelaat nie.

LW. Geen personeellid is aan bg. of enige ander reëls onderworpe nie. Geen vergelyking word in hierdie verband geduld nie.

7.3 Informele funksies en Siviele drag

3.1 Sokkiereëls

- Sokkies is net vir ons positiewe leerders wat die skoolreëls gehoorsaam. Leerders met ‘n strafrekord mag nie sokkies bywoon nie.
- Sokkies is net vir ingeskrewe leerders van dié skool en *geen* leerders van buite sal toegelaat word nie. Leerders wat buitestanders saambring sal sokkies geweier word.
- Kleredrag moet netjies en volgens skoolreëls wees.
- Leerders wat nie by bogenoemde reëlings hou nie, sal weerhou word van die sokkie en die ouers sal onmiddellik gekontak word.
- 45 minute na aanvangstyd sal die terreinhek gesluit word.
- Leerders moet vir volle duur van die sokkie by die skool bly en mag nie na ‘n rukkie die terrein verlaat en dan in die strate ronddwaal nie. Voortydige vertrek moet met diensdoende personeel gereël word.
- Leerders bly by die saal en mag nie op die terrein ronddwaal nie.
- Kleedkamers word uurliks vir 10 minute oopgesluit.
- Geen koeldrank mag in die saal ingeneem word nie.
- Na die sokkie wag die leerders binne die skoolterrein vir hulle ouers.
- Die saal word netjies skoongemaak.

Drag vir meisies

- ‘n Lang broek wat nie styfpassend is nie of skeure in het nie.
- Bostukke moet binne die grense van welvoeglikheid val. GEEN “spaghetti tops” of dun strepies bostukke nie. Onderklere mag nie wys nie.
- Indien ‘n rok of rompie gedra word, moet dit nie styfpassend en te kort wees nie (volgens reëls vir skoolroklengte).
- Skoene moet netjies en bypassend wees.
- Alle voorkomsreëls geld steeds.

Drag vir seuns

- Seuns moet ‘n hemp met moue dra en ‘n lang- of kortbroek wat nie styfpassend is nie.
- Skoene moet netjies en bypassend wees.
- Alle voorkomsreëls geld steeds.

Matriekafskeidreëls

Die bywoon van hierdie funksie is ‘n voorreg en die volgende bepalings geld :

- Mag slegs bygewoon word deur Gr 12-leerders van Vereeniging Gimnasium en metgeselle tussen graad 10 en 23 jaar oud. Die name van metgeselle moet aan die skool voorgelê word vir goedkeuring. Metgeselle is vir die **duur van die funksie** onderworpe aan die skool se gedragskode.
  Die skool mag enige matrikulant of metgesel toets vir verbode middels.
  Enige persoon wat die gedragskode verontagsaam, sal van die matriekafskeidsfunksie verwyder word.
- Alle reëls van die skool moet nagekom word.
- Metgeselle ouer as 18, is ook onderworpe aan hierdie reëls.

7.4 Tugmaatreëls t.o.v. kleredrag en voorkoms van seuns en dogters

- Eerste oortredings word deur die aangewese onderwyser berispe en volgens die gedragskode aangemeld. Inskrywing in huiswerkboek.
- Oortredings word aangeteken en die leerling moet die daaropvolgende dag reeds in die voorgeskrewe drag by die betrokke onderwyser terug rapporteer.
- By daaropvolgende oortredings word die aangeleentheid skriftelik by die ouers gerapporteer en positiewe reaksie word onmiddellik verwag.
- Afgewerkte kleredrag (synate en some) word by die eerste oortreding skriftelik by die ouers gerapporteer en die saak moet onmiddellik reggestel word.
- Verbode jasse, truie en windbrekers word by die eerste oortreding Gekonfiskeer, aangesien die beeld van die skool ernstig in die gedrang gebring word.
  Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir siekte of enige skade a.g.v. hierdie tugmaatreëls nie.
- Alle gekonfiskeerde eiendom moet deur ouers persoonlik by die skool afgehaal word.
- Enige oortreding t.o.v. die hare-reël vir seuns word aan die ouers gerapporteer en positiewe reaksie word onmiddellik vereis.

Hare (dogters)

- By die eerste oortreding van reëls met betrekking tot voorkoms wat dadelik herstel kan word, word die dogter berispe deur die aangewese onderwyser. Inskrywing in huiswerkboek.
  Die oortreding word aangeteken en die dogter word van die nodige middele voorsien om haarstyl onmiddellik in orde te bring.
  ‘n Minimale boete kan gehef word om sodanige middele te voorsien.
  By die eerste oortreding van reëls word die ouers skriftelik in kennis gestel en die saak moet so gou moontlik reggestel word.

* ***Algemene voorkoms (Seuns en Dogters) m.b.t. voorkoms wat nie onmiddellik herstel kan word nie***

- Grimering sal deur die kind self onder toesig by die skool verwyder word.
- Lang naels sal deur die kind self onder toesig geknip word en gekleurde naellak sal die kind self onder toesig verwyder word.
- By die eerste oortreding t.o.v. die dra van juweliersware en ander versiersels word die oortreder aangespreek en moet die verbode artikel onmiddellik afgehaal word. Inskrywing in huiswerkboek.
  By herhaaldelike oortredings sal sodanige artikels gekonfiskeer word en aan die einde van die kwartaal eers weer teruggegee word.
- Indien ‘n ouer/voog in gebreke bly om hare volgens reëls te hou, sal die skool dit laat doen. Die koste hiervan moet deur die ouer/voog gedra word.

8. Algemene reëls met betrekking tot die organisasie van die skool

8.1. Dissipline

Die bekende gesegde: “‘n Ketting is net so sterk soos sy swakste skakel”, is veral van toepassing op dissiplinêre aangeleenthede van ‘n skool.
Ons verwag dus dat elke leerder streng gedissiplineerd sal optree en netso gedissiplineerd sal lewe. Graadhoofde sal probleme onmiddellik per sms of telefonies met ouers bespreek.

8.2. Gedrag teenoor onderwysers

Die personeel is volwasse en professionele mense en sal te alle tye optree in belang van die leerders. Dit word van elke leerder verwag om met respek, eerbied en gehoorsaamheid teenoor alle personeel op te tree.
Skakeling **vanaf die ouerhuis** mag alleen deur die hoof se kantoor geskied.

8.3. Verhoudinge onderling

Die leerlingraad en klasleiers is deur die leerders verkies en staan die personeel by ten opsigte van dissipline, toesig en algemene gees van die skool.
Dit is noodsaaklik dat die nodige agting en samewerking aan die leerlingraad en klasleiers gegee word en dat wettige opdragte uitgevoer word.
Die hele skool is een groot gesin en dus moet al die lede mekaar in liefde ondersteun, aanmoedig en verdra.

Die volgende sake word nie geduld nie :

Skeltaal, diefstal, bakleiery, luidrugtigheid, ongedissiplineerdheid, slordige en vuil voorkoms, losbandigheid, pligsversuim, stokkiesdraaiery, onsedelikheid, leerlinge wat rook, sterk drank of verdowingsmiddels gebruik.

Dit word van junior-leerders verwag om die senior leerlinge te respekteer.
GEEN ONTGROENING WORD TOEGELAAT NIE. Wel sinvolle oriëntering.

8.4. Optrede op terrein

- Dissipline is noodsaaklik, daarom verwag ons dat die leerder kalm en bedaard sy/haar weg sal vind.
- Klaswisseling geskied deurdat leerders links in rye, agtermekaar sal stap op die paadjies en nie dwars oor die grasperke nie.
- Die gebou en ameublement word teen baie hoë koste voorsien. Ons verwag dat alle aspekte altyd netjies en versorg agtergelaat sal word. Die leerders help met die skoonmaak van die klaskamers en mag van tyd tot tyd ook betrek word by die instandhouding of verfraaiing van die terrein.
- Geen leerder mag deur die voorportaal beweeg tydens saalbyeenkoms en voor skool nie.
- Geen gefluit en geskreeu word toegelaat op die terrein nie.

8.5. Afwesigheid

- Leerders moet soggens betyds by die skool opdaag. Laatkommers meld by ontvangs aan.
- Geen leerder word toestemming gegee om die skool te verlaat sonder die skriftelike toestemming van sy/haar wettige ouer/voog nie en moet deur die ouer/voog afgehaal word. Indien ‘n leerder ernstig siek word tydens skoolure, sal mediese behandeling verkry word indien die ouer nie bereik kan word nie of die ouer nie sorg kan neem nie. Identifikasie mag verlang word.
- Indien ‘n leerder die skool vroeër moet verlaat, moet die ouers die skool die oggend skriftelik verwittig, sodat die leerder sy/haar uittekening kan reël.
- Leerders wat siek word tydens skoolure se ouers/voogde sal geskakel word om die leerder self te kom haal. Leerders mag nie self skakel nie - slegs die sekretaresse of graadhoofde mag die ouers skakel.
- Slegs ‘n mediese sertifikaat of ernstige trauma word aanvaar vir

afwesigheid tydens eksamen of toetse. **GEEN toetse of eksamen sal later geskryf word nie.**

- Indien ‘n leerder afwesig was, moet ‘n wettige dokument van die ouer/voog of instansie by hertoetrede van sodanige leerders ingehandig word by die voog.
- Leerlinglisensie-afsprake word vermy gedurende skoolure.
- Leerders word slegs toegelaat om hoofde per afspraak te besoek. Hierdie afsprake moet vooraf gemaak word.
- Leerders mag slegs die klas tydens periodes verlaat met die amptelike toestemming van die klasonderwyser of hoofde. Huiswerkboek moet te alle tye by leerder wees.

SASW (Wet no. 84 (1996) bepaal dat indien ‘n leerder wat ingevolge subartikel (1) onderworpe is aan verpligte skoolbywoning, nie ingeskryf is by ‘n skool nie of versuim om dit by te woon, kan die Departementshoof -

a) die omstandighede van die leerder se afwesigheid van die skool ondersoek;
b) toepaslike stappe doen om die aangeleentheid reg te stel; en
c) by gebrek aan sodanige regstelling, ‘n skriftelike kennisgewing aan die ouer van die leerder rig om nakoming van subartikel (1) te eis. Behoudens hierdie Wet en enige ander toepaslike wet -
d) is enige ouer wat, sonder afdoende rede en na ‘n skriftelike kennisgewing van die Departementshoof, in gebreke bly om uitvoering te gee aan subartikel (1), skuldig aan ‘n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan ‘n boete of aan gevangenisstraf vir ‘n tydperk wat nie ses maande te bowe gaan nie; of
e) enige ander persoon wat, sonder afdoende rede, ‘n leerder wat aan verpligte skoolbywoning onderhewig is, daarvan weerhou om ‘n skool by te woon, is skuldig aan ‘n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan ‘n boete of aan gevangenisstraf vir ‘n tydperk wat nie ses maande te bowe gaan nie.

8.6. Aantredes en Klaswisseling

Saal

- Leerders tree in klasverband buite die saal in rye aan.
- Betree die saal op gegewe teken flink en bly stil.
- Slegs leerlingraadslede mag die saal deur die voorportaal binnegaan of verlaat.
- Absolute stilte word in die saal vereis tydens openinge en ander funksies.

Aantreeblad

- Plaas jou boeksak by die sentrale aantreeplek wat vir die registerklasse aangedui is. Staan langs jou tas in *alfabetiese volgorde.*
- Wanneer die klok lui, kom jy flink (langs die kortste roete) na die sentrale aantreeplek.
- Op die aantreeplek word nie gesels nie. Elke oggend word register geneem.
- Stap flink in ‘n ry na jou klaskamer langs die aangewese roete. Wag vir die onderwyser en stap op sy/haar opdrag die klaskamer ordelik binne en wag vir verdere instruksies.
- Indien ‘n onderwyser die klas moet verlaat, tree die klasleier op om dissipline te handhaaf.

- Aan die begin van elke pouse neem jy jou tas na die klas van die periode na pouse, so vinnig moontlik. Na drie minute word die klas gesluit. Daarna aanvaar die onderwyser nie meer verantwoordelikheid vir tasse buite die klas nie.
- Geen tasse is gedurende pouse toelaatbaar op die aantreeblad of kleedkamers nie.

8.7. Kleedkamers

Moet te alle tye skoon en netjies gehou word. Meld probleme onmiddellik by die kantoor aan.

Personeel kleedkamers mag nie deur leerlinge gebruik word nie, selfs ook nie tydens funksies nie.

8.8. Verbode terrein

1) Agter pawiljoene, verby die kwartlyn naaste aan die skool (A-veld), ander velde en tennisbane of by die koshuis gedurende skoolure.
2) Geen leerlinge mag gedurende skoolure by enige voertuie toegelaat word nie, tensy toestemming verleen is.
3) Die saal of klaskamers - tensy onder toesig van ‘n personeellid.
4) Naby alle omheining van die skool.
5) Op stoepe.
6) Die trappe by die personeelkamer gedurende pouses.
7) Die personeelkamer.
8) In die busse sonder volwasse toesig.

8.9. Verbode artikels

1) Kougom, rookgoed, kryt en skadelike voorwerpe soos klippe, messe, voëlrekke en swepe.
2) Speelgoed soos waterpistole ens.
3) Juwele, ringe, armbande, kettings om die nek ens.
4) Wapens, klappers, skadelike stowwe of voorwerpe.
5) Dwelmmiddels.
6) Selfone en Elektroniese toerusting soos MP3-spelers, I-Pod-spelers, ens.

Alle verbode artikels sal gekonfiskeer word. ‘n Boete van R50 is betaalbaar by die afhaal van die toebehore.
Die hoof het die wetlike mag om volgens Art 8A van Wet 84 van 1996 enige persoon op die skool- en/of sportgronde te deursoek vir gevaarlike wapens en/of dwelmmiddels asook enige leerder vir dwelmmiddels te toets.

8.10. Padveiligheid

1) Indien ‘n padpatrollie bestaan, moet hul tekens gehoorsaam word.
2) Die ry binne die skoolterrein op ‘n fiets, motorfiets of motor moet uiters versigtig wees. Spoedgrens van 20km/uur mag nie oorskrei word nie.

8.11. Algemeen

1) GEEN apparaat word sonder die onderwyser se toestemming aangeraak nie.
2) Tydens aktiwiteite sal leerlinge alleen verskoon word as hy/sy ‘n geldige mediese sertifikaat inhandig of geldige brief van sy/haar ouers in geval van tydelike ongesteldheid.
3) Laat onderwysers se motors met rus.

4) Geen leerlinge mag hom/haar met werknemers negatief bemoei of opdragte gee nie.
5) Hou links wanneer daar op die terrein, by trappe, na sportgronde, of waarheen ookal, beweeg word.
6) Onmiddellik nadat ‘n ruit of enige ander eiendom van die skool gebreek of beskadig is, moet dit by die kantoor aangemeld word.

2.3 STRAF- EN TUGSTELSEL VIR LEERDERS :

Wangedrag soos bepaal deur SASW 1996 (Wet 84. Art 9(3), beteken wangedrag wat deur ‘n leerder begaan is en sluit die volgende in :

2.3.1 Wangedrag wat op die perseel van ‘n skool begaan is, hetsy tydens of buite skoolure : ‘n Leerder wat onderrig in ‘n klas ernstig bedreig of ontwrig, word soos volg hanteer -

1 die leerder ontvang ‘n finale mondelinge waarskuwing,
2 indien die leerder dit verontagsaam, moet die leerder 5 minute buite die klas afkoel en terugkom,
3 indien ‘n leerder voortgaan om die klas te ontwrig, word die leerder na die graadhoof gestuur en die ouer geskakel en die res van die periode geïsoleer,
4 indien ‘n leerder weier om die klas te verlaat, word ‘n Departementshoof of Adjunk-hoof ontbied.
5 Die leerder moet aangemeld word by die graadhoof, sodat die nodige dokumentasie opgestel kan word.

2.3.2 Wangedrag wat buite enige skoolaktiwiteite begaan is, ongeag of dit binne of buite die skoolperseel en tydens of buite skoolure begaan is; en wat -

1 die beeld van die skool benadeel;
2 inmeng met die bestuur, gesag en behoorlike administrasie van die skool, sportaktiwiteit of ander aktiwiteit;
3 inmeng met die toestande wat nodig is vir die ordelike en veilige verloop van skoolaktiwiteite;
4 behoudens die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog, ‘n betooglinie te vorm en petisies voor te lê soos in die Grondwet, (SASW 1996) en die kode bepaal, begaan word met die doel om enige persoon te verhinder om sy of haar regte, bevoegdhede of pligte as ‘n lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of begaan word ter vergelding van sodanige uitoefening; of
5 deur die gedragskode van die skool verbied word.
6 Enige bewysmateriaal wat die hoof of sy gemagtigde wat geag benodig sou word in die bewys van enige oortreding kan met toestemming gesertifiseer word en of alternatiewelik aan die SAP oorhandig word vir die registrasie in ‘n SAP 13 bewysregister.

2.3.3 Taak-/Opdragversuim en/of onbevredigende assesseringsuitslag

1 Mondelinge waarskuwings kan gegee word.
2 Herhaalde en ernstige versuim of swak assesseringsuitslag moet d.m.v. Vorm B hanteer word.
3 Indien ‘n nuwe keerdatum vir take nagelaat is, sal ‘n 0-punt toegeken word.
4 Strafmaatreëls
  1 Detensie.
  2 Addisionele opdragte / korrektiewe maatreëls / regstellende aksies.
  3 Skorsing van sosiale aktiwiteite.
  4 Berading.
  5 Bewyse van ‘n nuwe keerdatum moet op lêer gehou word. Leerder moet dit onderteken.

2.3.4 VLAK I OORTREDINGS

Hanteringswyse

1 Die onderwyser is die klaer, ondersoekbeampte en bepaal die straf in oorleg met die graadhoof.

2 Vorm C word aan die graadhoof oorhandig nadat die straf bepaal is.

Enige appèl moet skriftelik deur die ouer aan die hoof gedoen word. ‘n Leerder en/of ouer kan slegs appèlleer teen die strafmaatreël wat opgelê is en nie die oortreding nie.

2.1. Vorm C word eers voltooi na 3 Vlak 1 oortredings.
2.2. Na derde Vorm C, word ‘n Vorm C voltooi met Vrydag detensie wat gegee word. Rede : Herhaalde Vlak 1 oortredings.
2.3. Heg bewyse aan Vorm C.
2.4. Vakonderwyser volg Vorm C op en hou register by.

3 Alle oortredings word in die *Strafregister* aangeteken en dokumente word by die graadhoof geliasseer.

4 **LYS VAN OORTREDINGS**

1 Laatkom in klas of skool
2 Verlaat klas sonder toestemming
3 Afskryf van huiswerk
4 Onaanvaarbare gedrag van minder ernstige aard
4.1 Luidrugtigheid
4.2 Ontwrigting deur spelery
4.3 In die openbaar swak gedra
4.4 Onsinnige op- en aanmerkings
4.5 Parmantigheid, arrogansie en gesagsondermyning
4.6 Onderlangse pratery
4.7 Eet in die klas
4.8 Iemand in die rede val
4.9 Eie gesprekke voer terwyl iemand aan die woord is
4.10 Doelbewuste verandering van lestemas
4.11 Geluide maak
4.12 Gesigte trek
4.13 Gedrag wat strek tot nadeel van normale dissipline
4.14 Doelbewuste en herhaalde voorkomsoortredings
5 Verbode terrein
6 Onwettige afwesigheid van een oefening / een wedstryd of een periode in klaskamer
7 Minder ernstige voorkomsoortreding - 1ste keer.
Tweede oortreding skuif oor na Vlak 2.
8 Vloektaal (kragwoorde)
9 Nie ‘n Vlak 1-strafmaatreël uitvoer nie
10 Doelbewuste leuen om onaanvaarbare gedrag te regverdig
11 Dra van armbande, rekkies, kettings en ander juwele wat nie gespesifiseer is nie (neusringe, tongringe, meer as 1 stel oorbelle)

5 **MOONTLIKE STRAF-/KORREKTIEWE MAATREëLS**

1 Detensie - maksimum 2 keer
1 Laatkom in klas of skool (3 keer) word ‘n Vlak I-oortreding
2 Periode-afwesigheid - 1 detensie

2 Gemeenskapsdiens
3 Addisionele werk
4 Skriftelike verskoning en/of onderneming
5 Regstellende aksies
6 Berading
7 Daaglikse verslagvorm (periodebrief)
8 Weerhouding van sosiale aktiwiteite vir een termyn

6 **PROSEDURES**

Personeel (Vlak I-oortredings)

1 Personeel moet oortreders sover moontlik vertroulik hanteer.
2 Die leerder moet die geleentheid gegun word om haar/sy saak te stel.
3 Bewyse van ‘n oortreding moet geld.
4 Personeel moet doelbewus poog om die oortreders se wangedrag te korrigeer d.m.v. berading, hulpverlening en verwysing.

2.3.5 VLAK 2 OORTREDINGS

1 Die Graadhoof of senior onderwyser is die ondersoekbeampte en dien Vorm D en die klagstaat in.
2 Die oortreding word na die hoof/adjunk-hoof verwys vir interne verhoor. Die graadhoof bepaal ‘n datum.
3 Die ondersoekbeampte is die aanklaer.
4 ‘n Ouer of leerder kan slegs teen die strafmaatreël appelleer by die Beheerliggaam.

5 LYS VAN OORTREDINGS

1 Herhaalde oortreding van Vlak I-oortredings - 3 keer
2 Minder ernstige aanrandings - stampery, dreigemente en aanrandings
3 Diefstal.
4 Eenmalige besit of gebruik van sigarette of by rokers staan.
5 Ernstige voorkomsoortredings - bv kleur van hare.
6 Onaanvaarbare gedrag - herhaalde of ernstige oortreding van :
  6.1 Luidrugtigheid
  6.2 Ontwrigting van klasse deur spelery
  6.3 In die klas of in die openbaar swak gedra
  6.4 Onsinnige op- en aanmerkings
  6.5 Onderlangse pratery
  6.6 Eet in die klas
  6.7 Iemand in die rede val - sonder toestemming
  6.8 Eie gesprekke voer terwyl iemand aan die woord is
  6.9 Doelbewuste verandering van lestemas
  6.10 Geluide maak wat dissipline ontwrig
  6.11 Gesigte trek wat dissipline ontwrig
  6.12 Enige gedrag wat strek tot nadeel van normale dissipline
  6.13 Doelbewuste en herhaalde voorkomsoortredings
  6.14 Die beeld van die skool skend
7 Ongemagtigde betreding tot eiendom van die skool t.o.v lokale, laboratoriums, sentrums, stoorkamers, kleedkamers, ens.
8 Ongemagtigde peuter met toerusting van skool bv. brandblussers, ens
9 Oneerlikheid en/of bedrog met afwesigheidsbrief
10 Afwesigheid van skooldag - 2 periodes of meer
11 Vloek- en krutaal
12 Die veiligheid van die skool bedreig. Dit sluit in eiendom, personeel, leerlinge, ouers ens wat minder ernstig van aard is.
13 Minder ernstige kwaadwillige saakbeskadiging van skooleiendom asook eiendom van enige persoon in diens van die skool.

14 As VLR-lid of Gimmieraadslid aan wangedrag skuldig is.
15 In gebreke bly om ‘n strafmaatreël op vlak II uit te voer.
16 Personeel se waardigheid aantas wat minder ernstig van aard is.
17 Personeel se gesag bedreig of ondermyn wat minder ernstig van aard is – astrantheid, terugpraat, arrogansie
18 Ontgroening van enige leerder
19 Enige gelukspel waarby geld betrokke is
20 Dokumente vervals

6 STRAF- EN KORREKTIEWE MAATREëLS

1 Detensie
2 Gemeenskapsdiens
3 Addisionele werk
4 Vergoeding, vervanging en/of herstel
5 Skriftelike verskoning en/of onderneming
6 Regstellende aksies
7 Berading
8 Oortreder word vir twee(2) termyne weerhou van sosiale aktiwiteite en voorregte.
9 Isolasie soos afskeiding van groepvorming
10 By oortreding van rook sal gemeenskapsdiens verrig word en die oortreders sal vir berading verwys word
11 Skorsing van die VLR - tydelik
12 Ontneming en/of weerhouding van toekennings vir twee(2) kwartale

7 SKOOLHANTERINGSPROSEDURE

Dissiplinêre Kode

1 Dissiplinêre stappe vir verhoor van ‘n leerder deur ‘n dissiplinêre komitee van die skool kan slegs deur ‘n senior personeellid ingestel word weens Vlak II wangedrag.
2 By die oorweging van stappe vir verhoor van ‘n leerder weens ernstige wangedrag moet die senior personeellid hom/haar in sy uitsluitlike diskresie vergewis van genoegsame bewyse en dat dit in die beste belang van die skool en gemeenskap sal wees om sodanige stappe in te stel.
3 Die senior personeellid stel die Skoolhoof in kennis van sy besluit om stappe vir verhoor teen ‘n leerder, voor die Dissiplinêre Komitee, in te stel.
4 Na ontvangs van kennisgewing deur die Skoolhoof, wys die Skoolhoof ‘n Dissiplinêre Komitee aan om die bewering van ernstige wangedrag te verhoor. Die ondersoekbeampte is die aanklaer.
5 Die Dissiplinêre Komitee, wat deur die Skoolhoof aangewys word, bestaan uit twee persone, wat of lede van die hoofde is of persone wat kwalifiseer om as lede van die Dissiplinêre Komitee verkies te word.
6 Die aanstelling van persone op ‘n Dissiplinêre komitee is onderhewig aan die volgende voorwaardes:
   6.1 die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee moet die Skoolhoof/Adjunkhoof wees;
   6.2 die oorblywende lid van die Dissiplinêre Komitee moet senior personeel/hoofde wees; en
   6.3 geen persoon mag op die Dissiplinêre Komitee aangestel word, indien hy/sy enige persoonlike kennis dra van enige saak wat by die verhoor betwis word nie of indien hy/sy op enige ander wyse belang by die saak het nie.

KENNISGEWING EN PROSEDURE VAN VERHOOR

7 ‘n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, moet minstens twee skooldae se skriftelike kennis van die verhoor waartydens sy of haar beweerde wangedrag ondersoek gaan word, ontvang, tensy;

7.1 die Skoolhoof met goeie rede opdrag gee dat ‘n korter termyn toegepas sal word; en

7.2 die korter kennis tydperk geensins die leerder benadeel nie

8 Die kennisgewing soos bedoel in 7, moet

8.1 genoegsame besonderhede bevat ten opsigte van die datum, plek en aard van die beweerde wangedrag om die leerder in staat te stel om die betrokke voorval te identifiseer en daarop te reageer;

8.2 die leerder verwittig van die datum en plek van die verhoor; en

8.3 die leerder inlig oor sy/haar regte ingevolge hierdie kode;

9 Die Skool moet die kennisgewing soos bedoel in 7 aan die leerder en ouer gee.

10 Die leerder is geregtig op bystand van ‘n ouer/voog Indien ‘n leerder nie deur ‘n ouer/voog bygestaan word nie, sal die Skoolhoof in oorleg met die leerder ‘n mede-leerder en/of opvoeder / ouer aanstel om die leerder by verrigtinge by te staan. Geen ander persoon mag die leerder tydens die verhoor bystaan nie.

11 Die leerder en enige getuie is by die verhoor geregtig om die dienste van ‘n tolk te vereis. Dit is nie nodig dat die dienste van ‘n formeel gekwalifiseerde tolk gebruik word nie.

12 Getuienis word slegs onder eed of by wyse van bevestiging volgens die Wet voor die Dissiplinêre komitee afgelê.

13 Die verrigtinge by die verhoor neem in aanvang wanneer die aanklaer ‘n skriftelike klagstaat uitlees en aan die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee oorhandig.

14 Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee moet die leerder vra of hy of sy die klag/klagte erken of ontken.

15 Indien die leerder versuim om te reageer, sal die leerder geag word die klag te ontken het.

16 Indien die leerder die klag erken, moet die volgende prosedure gevolg word -

16.1 Die Voorsitter moet die leerder ondervra met betrekking tot die klag/klagte soos in die klagstaat uiteengesit, sodat die Dissiplinêre Komitee hom daarvan kan vergewis dat die leerder die klag/klagte verstaan en bedoel om daarop skuldig te pleit;

16.2 Indien dit tydens ondervraging van die leerder blyk dat die leerder nie die klag/te erken nie, teken die Voorsitter namens die leerder ‘n ontkenning ten opsigte van die klag/te aan ;

16.3 Indien die Dissiplinêre Komitee, of die meerderheid van sy lede, tevrede is dat die leerder wel aan die klag/te skuldig is, moet die Dissiplinêre Komitee die leerder skuldig bevind.

17 Indien die leerder die klag ontken -

17.1 mag die aanklaer getuies roep of ander bewysmateriaal ten opsigte van die bewerings teen die leerder aanbied;

17.2 mag die leerder, of sy/haar verteenwoordiger, die getuie/s ondervra en enige bewysmateriaal wat deur die aanklaer aangebied word, ondersoek;

17.3 nadat al die getuienis teen die leerder voorgelê is, mag die leerder getuies roep of ander bewysmateriaal ter

ondersteuning van sy/haar verdediging aanbied;

17.4 die aanklaer mag die getuies van die leerder ondervra en enige bewysmateriaal wat namens die leerder aangebied word, ondersoek;

17.5 Die Dissiplinêre Komitee mag enige getuie ondervra, of enige bewysmateriaal ondersoek;

17.6 Die Dissiplinêre Komitee mag verdere getuienis verlang en indien nodig die verrigtinge vir hierdie doel verdaag/uitstel;

17.7 na afsluiting van die leerder se saak en enige moontlike verdere getuienis wat die Dissiplinêre Komitee aangehoor het, spreek die aanklaer die Dissiplinêre Komitee toe en daarna die leerder/ ouer/voog/sy verteenwoordiger ;

17.8 Na afhandeling van die getuienis gee die Dissiplinêre Komitee uitspraak en kan die Dissiplinêre Komitee vir hierdie doel die verrigtinge verdaag of uitstel;

18 Indien die leerder onskuldig bevind word aan die klag, moet die Dissiplinêre Komitee, indien die leerder dit versoek, sy bevindinge by die skool publiseer, met of sonder openbaarmaking van die leerder se naam ooreenkomstig die leerder se versoek.

19 Indien die leerder wel aan die klag/te skuldig bevind word, mag eers die aanklaer en daarna die leerder/ouer/voog/ verteenwoordiger getuienis ter oorweging van ‘n gepaste strafsanksie voorlê.

20 By oorweging van ‘n gepaste vonnis/straf neem die Dissiplinêre Komitee die voorlegging in ag sowel as die aard van die oortreding/s waaraan die leerder skuldig bevind is, asook die leerder se persoonlike omstandighede, sy/haar gedragsrekord by die skool, die belange van die skoolgemeenskap sowel as enige ander omstandigheid wat die Dissiplinêre Komitee van oordeel mag wees relevant is.

21 Die Dissiplinêre Komitee lê aan die leerder ‘n vonnis/straf op waartoe dit ingevolge hierdie kode en die skool se grondwet gemagtig is en die leerder, sy/haar ouer/voog en verteenwoordiger word skriftelik van die straf in kennis gestel.

22 ‘n Leerder of sy/haar ouer/voog wat appèl wil indien ten opsigte van ‘n vonnis soos bedoel in 21 hierbo, moet binne 48 uur ‘n skriftelike dokument ingehandig wat volledige redes ter ondersteuning van die appèl bevat. Die aanklaer moet skriftelik redes verskaf van die uitslag van die appèl op Vorm F.

23 Tensy die Voorsitter met goeie rede ‘n ander opdrag gee, sal die indiening van die appèl die vonnis wat deur die Dissiplinêre Komitee opgelê is, opskort totdat die Voorsitter van die Beheerliggaam ‘n besluit oor die appèl het.

24 Die Hoof moet binne 24 uur alle tersaaklike dokumente by die Voorsitter van die Beheerliggaam indien.

25 Die Voorsitter van die Beheerliggaam en die Dissiplinêre Komitee moet binne 4 dae alle tersaaklike dokumentasie oorweeg, die volgende besluit neem en dit skriftelik aan die Hoof bekend maak :

25.1 die appèl afwys of

25.2 die vonnis wysig of

25.3 die leerder onskuldig bevind

26 Die Hoof moet die besluit van die Voorsitter van die Beheerliggaam binne 2 dae skriftelik aan die leerder en ouer bekend maak en die besluit uitvoer.

27 **Prosedure by ernstige aanranding**

Die polisie mag ontbied word om orde in die skool te herstel onder

die volgende omstandighede :
Indien

27.1 ‘n leerder ‘n ander leerder ernstig aanrand;
27.2 ‘n leerder voorgaan met aanranding na waarskuwings uitgereik is;
27.3 ‘n groepsgeveg ontstaan wat nie deur personeel verhoed of beheer kan word nie;
27.4 wanneer enige wapen in aanranding betrek word;
27.5 enige situasie wat die veiligheid van enige leerder, persoon, personeel, besoeker verbonde aan die skool in gevaar stel.

Die aggressor sal verwyder word en indien daar twyfel is, alle partye.

8 DIE VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD (VLR) EN GIMMIERAAD

8.1 TUGMAATREëLS

Diskwalifikasie van nominasieproses vir VLR en Gimmieraad

1 ‘n Leerder wat hom aan enige Vlak II oortreding skuldig gemaak het binne ses (6) maande van die nominasiedag, of enigsins aan Vlak III skuldig is, sal uitgesluit wees van die nominasieproses, d.w.s. sal nie genomineer kan word as kandidaat vir die VLR/GIMMIERAAD nie.
2 ‘n Leerder wat hom gedurende sy amp as VLR/GIMMIERAAD skuldig maak aan enige vorm van wangedrag sal onmiddellik van sy amp onthef word en ‘n tussenverkiesing sal gehou word.
3 Die onthefde VLR/GIMMIERAAD-lid mag by die Beheerliggaam appelleer teen sy ontheffing.
4 Indien ‘n VLR/GIMMIERAAD-lid van twee agtereenvolgende vergaderings afwesig is sonder skriftelike verskoning**,** sal hy/sy outomaties onthef word.
5 *Prosedure van skorsing*
    1 ‘n Skriftelike klag word by die VLR/GIMMIERAAD-verteenwoordiger ingedien.
    2 ‘n Behoorlike ondersoek moet gedoen word met verslae en/of verklarings van partye en/of getuies.
    3 Die hoof bepaal ‘n verhoordatum.
    4 Die verhoorprosedure van die skool se gedragskode Vlak II word gevolg.
    5 Die hoof het die mag om ‘n leerder wat skuldig bevind is aan wangedrag volgens hierdie reglement, tydelik of permanent van die VLR/GIMMIERAAD te skors.
    6 Die skuldige mag by die Beheerliggaam teen skorsing appelleer.

Leerder is skuldig aan ernstige wangedrag indien hy/sy -

1 Opsetlike saakbeskadiging - vandalisme of toerustingbeskadiging
2 die onderrig in ‘n klas bedreig, ontwrig of frustreer
3 saamsweer om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig d.m.v. groepsaktiwiteit, bv. massabank
4 enige leerder of ander persoon se waardigheid aantas of iemand se naam beswadder
5 in die besit is van toets of eksamenmateriaal of genoemde materiaal versprei ten einde iemand te bevoordeel
6 oneerlik is in ‘n toets, eksamen of enige vorm van assessering,

selfs werkstukke en take.

7 onbehoorlik en onwelvoeglik optree in die openbaar d.w.s. onsedelike gedrag
8 iemand seksueel teister of selfs net opmerkings maak van seksuele aard
9 pornografiese materiaal in besit het
10 Iemand verkrag of deelneem aan enige seksuele aktiwiteit wat teen die wet is
* ‘n seksuele verhouding het met ‘n meisie onder 16
* ‘n seksuele verhouding het met ‘n seun onder 18
11 Onder die invloed is of in besit is van alkohol/dwelms
12 ‘n Selfoon sonder toestemming in ‘n klaskamer gedurende vasgestelde skoolure gebruik
13 enige handtekening op enige dokument vervals
14 afwyking van die voorgestelde en vasgestelde kleredragreëls
15 rassisme van een of ander aard
16 minagting van enige vorm van godsdiens
17 twee maal detensie
18 stokkiesdraai
19 betrokke is by enige vorm van bedrog
20 betrokke is by enige vorm van diefstal
21 betrokke is by of in besit is van onwettige stowwe bv. dwelms
22 in besit is van ‘n gevaarlike wapen
23 dreig om iemand aan te rand
24 iemand as gyselaar aanhou
25 iemand vermoor
26 Rook - ‘n VLR-lid/Gimmieraadslid mag nie rook of in besit wees van sigarette nie. Onmiddellike skorsing van VLR/GIMMIERAAD.
27 ‘n Bepaling van die gedragskode wat nie hier gelys is nie, oortree

2.3.6 VLAK III OORTREDINGS

1 (ERNSTIGE WANGEDRAG WAT SKORSING TOT GEVOLG KAN Hê) Bylaag 1

‘n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees indien hy of sy opsetlike en sonder gegronde rede –

1.1 leer of onderrig in ‘n klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer; personeel se gesag ondermyn of bedreig.
1.2 aan ‘n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur kollektiewe aksie te ontwrig, bv. massabank ;
1.3 die waardigheid van enige leerder of enige personeel aantas of ‘n ander persoon belaster; waaronder ook die maak van rassistiese aanmerkings, godsdiensminagting, ens.
1.4 enige toets- of eksamenmateriaal versprei of besit wat iemand anders in staat kan stel om ‘n onregverdige voorsprong in ‘n toets of eksamen te kry,
1.5 in ‘n toets of eksamen of enige ander vorm van beoordeling, soos take, kul;
1.6 aan enige daad van openbare onsedelikheid deelneem;
1.7 iemand seksueel teister;
1.8 in besit gevind word van pornografiese materiaal of dit versprei; of
1.9 onder die invloed is van, of in besit is van alkohol
1.10 Twee keer op Vlak 2 verhoor en skuldig bevind is
1.11 Die beeld van die skool ernstig skaad in optrede of sosiale media
1.12 Positief toets vir enige onwettige middel of ‘n middel wat gedrag negatief beïnvloed
1.13 Die oortreding van plaaslike, provinsiale en nasionale wette en regulasies

2 (ERNSTIGE WANGEDRAG WAT UITSETTING TOT GEVOLG KAN Hê)
Bylaag 2
‘n Leerder sal skuldig wees aan ernstige wangedrag indien hy of sy -

2.1 skuldig bevind word aan wangedrag soos in Bylae 1 bedoel, nadat hy aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is by twee vorige geleenthede;
2.2 versuim om te voldoen aan ‘n straf of skorsing as ‘n korrektiewe maatreël;
2.3 opsetlik en sonder gegronde rede -
1 enige dokument vervals waar dit potensieel of werklik tot nadeel van die skool kan wees;
2 in enige toets of eksamen-vraestel en in enige toets of eksamen-materiaal handel dryf;
3 poog om enige persoon om te koop of enige persoon omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen of homself of haarself of ‘n ander persoon in staat te stel om onregverdig voordeel daaruit te trek;
4 aan bedrog deelneem;
5 aan diefstal deelneem, of andersins oneerlik optree tot nadeel van ‘n ander persoon;
6 in besit is van, gebruik maak van of handel dryf in enige onwettige of ander skadelike stof;
7 in besit is van, gebruik maak van, of narkotiese of ongemagtigde dwelms oordra of indien daar sigbare bewys is van sodanige besit, gebruik of oordrag;
8 in besit is van enige gevaarlike wapen;
9 ‘n persoon aanrand of dreig om ‘n ander persoon aan te rand;
10 enige persoon gyselaar hou;
11 enige persoon vermoor;
12 enige persoon verkrag; of deelneem aan enige seksuele aktiwiteit wat ‘n oortreding van die wet is.
13 eiendom kwaadwillig beskadig
14 Ongemagtigde betreding tot eiendom van die skool t.o.v. lokale, laboratoriums, sentrums, stoorkamers, kleedkamers, ens.
15 Ongemagtigde peuter met toerusting van die skool bv. brandblussers, ens.

3 VLAK 3 HANTERINGSWYSE (Beheerliggaam)
Die skoolhoof of aangewese persoon lê ‘n klag by die Beheerliggaam

4 DISSIPLINêRE AKSIES (Moet deur Skoolhoof en/of tribunaal van Beheerliggaam en moontlik die GDO uitgevoer word)
4.1 Enige dissiplinêre aksies genoem onder Vlak I en 2 oortredings
4.2 Skorsing van leiersposisies
4.3 Tydelike skorsing van alle skoolaktiwiteite (tot 7 dae)
4.4 Skorsing, uitsetting of verplasing deur die GDO
4.5 Vlak II en III - skuldigbevindings sal deur die hoof aan die skool bekend-gemaak word.

5 BEHEERLIGGAAMPROSEDURE
5.1 Dissiplinêre stappe vir verhoor van ‘n leerder deur ‘n Dissiplinêre Komitee kan slegs deur die skoolhoof ingestel word weens ernstige wangedrag.
5.2 By die oorweging van stappe vir verhoor van ‘n leerder weens ernstige wangedrag moet die Skoolhoof hom in sy uitsluitlike diskresie vergewis

van genoegsame bewyse en dat dit in die beste belang van die skool en gemeenskap sal wees om sodanige stappe in te stel.

5.3 Die Skoolhoof stel die voorsitter van die Beheerliggaam in kennis van sy besluit om ingevolge Provinsiale Regulasie 6(2) stappe vir verhoor teen ‘n leerder, voor die Dissiplinêre Komitee in te stel.

5.4 Na ontvangs van kennisgewing deur die Skoolhoof soos bedoel in 5.3, wys die Beheerliggaam van die skool ‘n Dissiplinêre Komitee aan om die bewering van ernstige wangedrag te verhoor.
Die Voorsitter van die Beheerliggaam stel die Dissiplinêre Komitee namens die Beheerliggaam saam sodra die skoolhoof kennis gee van ‘n dissiplinêre verhoor.
Die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam ontvang volle mandaat van die Beheerliggaam om vonnis op te lê.
Die Dissiplinêre Komitee moet kwartaalliks ‘n verslag aan die Beheerliggaam voorlê.

5.5 Die Dissiplinêre Komitee, wat deur die Beheerliggaam aangewys word, bestaan uit drie persone wat of lede van die Beheerliggaam is, of persone wat kwalifiseer om as lede van die Beheerliggaam verkies te word.

5.6 Die aanstelling van persone op ‘n Dissiplinêre Komitee is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1 die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee moet ‘n ouer-lid of gemeenskapslid van die Beheerliggaam wees;

2 die twee oorblywende lede van die Dissiplinêre Komitee mag nie die Skoolhoof of ‘n leerder van die skool wees nie; en

3 geen persoon mag op die Dissiplinêre Komitee aangestel word indien hy/sy enige persoonlike kennis dra van enige saak wat by die verhoor betwis word nie, of indien hy/sy op enige ander wyse belang by die saak het nie.

5.7 ‘n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, is geregtig op ‘n verhoor voor die Dissiplinêre Komitee;

KENNISGEWING EN PROSEDURE VAN VERHOOR

5.8 ‘n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, moet minstens vyf(5) skooldae se skriftelike kennis van die verhoor waartydens sy of haar beweerde wangedrag ondersoek gaan word, ontvang, tensy;

1 die Beheerliggaam met goeie rede opdrag gee dat ‘n korter termyn toegepas sal word; en

3 die korter kennistydperk geensins die leerder benadeel nie

5.9 Die kennisgewing soos bedoel 5.8, moet

1 genoegsame besonderhede bevat ten opsigte van die datum, plek en aard van die beweerde wangedrag om die leerder in staat te stel om die betrokke voorval te identifiseer en daarop te reageer;

2 die leerder verwittig van die datum en plek van die verhoor; en

3 die leerder inlig van sy/haar regte ingevolge hierdie kode;

5.10 Die Beheerliggaam moet die kennisgewing soos bedoel in 5.8 aan die leerder gee en ‘n afskrif daarvan aan die leerder se ouers/voog lewer;

5.11 Die leerder is geregtig op bystand van ‘n ouer/voog sowel as regsverteenwoordiging. Indien ‘n leerder nie deur ‘n ouer/voog bygestaan word nie en ook nie regsverteenwoordiging geniet nie, sal die Beheerliggaam in oorleg met die leerder ‘n mede-leerder en/of opvoeder/ouer aanstel om die leerder by verrigtinge by te staan. Geen ander persoon mag die leerder tydens die verhoor bystaan nie.

5.12 Die leerder en enige getuie is by die verhoor geregtig om die dienste van ‘n tolk te vereis. Dit is nie nodig dat die dienste van ‘n formeel gekwalifiseerde tolk gebruik word nie.

5.13 Getuienis word slegs onder eed of by wyse van bevestiging volgens Wet voor die Dissiplinêre Komitee afgelê.

5.14 Die verrigtinge by die verhoor neem in aanvang wanneer die aanklaer ‘n skriftelike klagstaat uitlees en aan die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee oorhandig.

5.15 Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee moet die leerder vra of hy of sy die klag/klagte erken of ontken.

5.16 Indien die leerder versuim om te reageer, sal die leerder geag word die klag te ontken het.

5.17 Indien die leerder die klag erken, moet die volgende prosedure gevolg word:

1 Die Voorsitter moet die leerder ondervra met betrekking tot die klag/klagte soos in die klagstaat uiteengesit, sodat die Dissiplinêre Komitee hom daarvan kan vergewis dat die leerder die klag/klagte verstaan en bedoel om daarop skuldig te pleit;

2 Indien dit tydens ondervraging van die leerder blyk dat die leerder nie die klag/te erken nie, teken die Voorsitter namens die leerder ‘n ontkenning ten opsigte van die klag/te aan;

3 Indien die Dissiplinêre Komitee, of die meerderheid van sy lede, tevrede is dat die leerder wel aan die klag/te skuldig is, moet die Dissiplinêre Komitee die leerder skuldig bevind.

5.18 Indien die leerder die klag ontken -

1 mag die aanklaer getuies roep of ander bewysmateriaal ten opsigte van die bewerings teen die leerder aanbied;

2 mag die leerder, of sy/haar verteenwoordiger, die getuie/s ondervra en enige bewysmateriaal wat deur die aanklaer aangebied word, ondersoek;

3 nadat al die getuienis teen die leerder voorgelê is, mag die leerder getuies roep of ander bewysmateriaal ten ondersteuning van sy/haar verdediging aanbied;

4 die aanklaer mag die getuies van die leerder ondervra en enige bewysmateriaal wat namens die leerder aangebied word, ondersoek;

5 Die Dissiplinêre Komitee mag enige getuie ondervra, of enige bewysmateriaal ondersoek;

6 Die Dissiplinêre Komitee mag verdere getuienis verlang en indien Nodig, die verrigtinge vir hierdie doel verdaag / uitstel;

7 na afsluiting van die leerder se saak en enige moontlike verdere getuienis wat die Dissiplinêre Komitee aangehoor het, spreek die aanklaer die Dissiplinêre Komitee toe en daarna die leerder / ouer/voog/sy verteenwoordiger ;

8 Na afhandeling van die getuienis gee die Dissiplinêre Komitee uitspraak en kan die Dissiplinêre Komitee vir hierdie doel die verrigtinge verdaag of uitstel;

5.19 Indien die leerder onskuldig bevind word aan die klag, moet die Dissiplinêre Komitee, indien die leerder dit versoek, sy bevindinge by die skool publiseer, met of sonder openbaarmaking van die leerder se naam ooreenkomstig die leerder se versoek.

5.20 Indien die leerder wel aan die klag/te skuldig bevind word, mag eers die aanklaer en daarna die leerder/ouer/voog/ verteenwoordiger getuienis ter oorweging van ‘n gepaste strafsanksie voorlê.

5.21 By oorweging van ‘n gepaste vonnis/straf neem die Dissiplinêre Komitee die voorlegging soos bedoel in 5.20 in ag, sowel as die aard van die oortreding/e waaraan die leerder skuldig bevind is, asook die leerder se persoonlike omstandighede, sy/haar gedragsrekord by die skool, die

belange van die skoolgemeenskap sowel as enige ander omstandigheid wat die Dissiplinêre Komitee van oordeel mag wees relevant is.

5.22 Die Dissiplinêre Komitee lê aan die leerder ‘n vonnis/straf op waartoe dit ingevolge hierdie kode en die skool se grondwet gemagtig is en die leerder, sy/haar ouer/voog en verteenwoordiger sowel as die skoolhoof word skriftelik van die straf in kennis gestel.

PLEITOOREENKOMS - ‘n Pleitooreenkoms kan tussen die aanklaer en aangeklaagdes gesluit word. (*Sien beleidstuk in Gedragskode)

SKORSING MET DIE OOG OP UITSETTING (Artikel 9 1(e))

5.23 Indien die Dissiplinêre Komitee se vonnis daarop gerig is om die leerder uit die skool te sit, word die leerder vir ‘n periode van sewe(7) skooldae geskors van verdere bywoning van die skool in afwagting van die beslissing van die Departementshoof (GDO) en word die Departementshoof (GDO) so gou moontlik van die Dissiplinêre Komitee se vonnis en aanbeveling in kennis gestel.

5.24 Skorsing in afwagting van die Departementshoof (GDO) se bekragtiging van die Dissiplinêre Komitee se vonnis soos bedoel in 5.23 hierbo, tree onmiddellik in werking tensy die Departementshoof (G D O) tot die teendeel opdrag gee;

APPèL

5.25 By die oplegging van ‘n vonnis van skorsing, hetsy as korrektiewe maatreël hetsy met die oog op uitsetting, word die leerder en sy/haar verteenwoordiger/s in kennis gestel van sy/haar en sy/haar ouer/s se reg op appèl.

5.26 ‘n Leerder of sy/haar ouer/voog wat appèl wil indien ten opsigte van ‘n vonnis soos bedoel in 5.24 hierbo, moet binne 14 dae ‘n skriftelike Kennisgewing van Appèl by die Skool en die Departementshoof (GDO) indien.
Die Kennisgewing van appèl moet volledige redes ter ondersteuning van die appèl bevat.

5.27 Tensy die Departementshoof (GDO) met goeie rede ‘n ander opdrag gee, sal die indiening van die appèl die vonnis wat deur die Dissiplinêre Komitee opgelê is, opskort totdat die Departementshoof (GDO) ‘n besluit oor die appèl het;

5.28 Binne vyf(5) dae vanaf ontvangs van bevestiging van die Departementshoof (GDO) dat ‘n Kennisgewing van Appèl deur die Departementshoof (GDO) ontvang is:

1 moet die aanklaer die rekord van getuienis wat tydens die verhoor voorgelê is en die bevindinge van die Dissiplinêre Komitee aan die Departementshoof (GDO) deurgee; en

2 Mag die aanklaer en die Dissiplinêre Komitee skriftelik op die Kennisgewing van Appèl reageer en redes vermeld waarom die appèl afgewys moet word.

5.29 Die Departementshoof (GDO) moet binne 14 dae vanaf ontvangs van die Kennisgewing van Appèl ‘n Appèlverhoor belê.

5.30 Tydens die Appèlverhoor is die leerder of sy/haar verteenwoordiger en die aanklaer slegs daarop geregtig om die Departementshoof (GDO) toe te spreek;

5.31 Nadat die appèl teen skorsing as korrektiewe maatreël na die Departementshoof (GDO) of uitsetting na ‘n lid van die Uitvoerende Raad (GDO) oorweeg is, word:

1 die appèl afgewys; of

2 ‘n verminderde bestraffing aan die leerder oplê, soos wat deur die kode van die skool en hierdie regulasies toegelaat word; of

3 die leerder onskuldig bevind en die leerder, sy/haar ouer/voog en sy/haar verteenwoordiger van die besluit verwittig.

5.32 Die Departementshoof (GDO) se besluit in verband met ‘n appèl teen skorsing as korrektiewe maatreël en die Lid van die Uitvoerende Raad (GDO) se besluit in verband met ‘n appèl teen uitsetting is finaal.

5.33 **SKORSING AS KORREKTIEWE MAATREëL (Artikel 9 1(c)**

1 Vonnis van skorsing as korrektiewe maatreël mag nie langer as sewe(7) skooldae wees nie.

2 By die oplegging van ‘n vonnis met die oog op skorsing, word die leerder en sy/haar verteenwoordiger/ouer/voog in kennis gestel van die reg tot appèl.

3 ‘n Leerder of sy/haar ouer/voog wat appèl wil indien ten opsigte van vonnis as korrektiewe maatreël moet binne 24 uur ‘n skriftelike kennisgewing by die Voorsitter van die Beheerliggaam indien. Die kennisgewing moet volledige redes ter ondersteuning van die appèl bevat.

4 Met die indien van die appèl sal die vonnis wat die Dissiplinêre Komitee oplê, opgeskort word totdat die Voorsitter van die Beheerliggaam en die Dissiplinêre Komitee ‘n besluit oor die appèl het.

5 Binne 3 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing van appèl moet die Voorsitter van die Beheerliggaam en die Dissiplinêre Komitee:

1 Die appèl afwys

2 Die straf wysig

3 Die leerder onskuldig bevind

4 Die leerder en ouer/voog skriftelik van sy besluit in kennis stel.

6 Die beslissing van die Voorsitter van die Beheerliggaam is finaal.

5.34 **TOEPASSING VAN ARTIKEL 9(1) VAN WET 24 VAN 2005**

Indien ‘n leerder vermoedelik ernstige wangedrag pleeg en die veiligheid en/of dissipline van die skool ernstig bedreig, kan die Beheerliggaam die volgende stappe in werking stel om voorkomende skorsing te oorweeg.

1 Die skoolhoof sal die Distrikshoof (IDSO) telefonies in kennis stel.

2 Die polisie sal in gevalle van onwettige middels ontbied word.

3 ‘n Skorsingskomitee van die Beheerliggaam bestaande uit ten minste 2 ouerlede, die hoof en personeelbeheerliggaamlid, word saamgestel.
Die skoolhoof sal die voorsitter van die skorsingskomitee wees.

4 Die skorsingkomitee word so gou moontlik byeengeroep en ontvang volle mandaat van die Beheerliggaam om voorkomende skorsing toe te pas.
Die volgende bepalings geld in die bepaling van ‘n diskresionêre skorsing:

4.1 Die ouers en die leerder verskyn voor die skorsingskomitee en kry die geleentheid om sy/haar saak te stel.

4.2 Nadat die skorsingkomitee die volgende in ag geneem het, kan voorkomende skorsing dadelik toegepas word by wyse van ‘n skriftelike kennisgewing aan die leerder en ouers.

a) Die dringendheid daarvan om die voorgenome optrede te neem of die dringendheid van die saak as geheel.

b) Die noodsaak om doelmatige administrasie en beheer te bevorder.

c) Die doel van die magtigende bepaling.
d) Die waarskynlike uitwerking van die voorgenome optrede.

4.3 Verpligte tydelike skorsing (met ingang van 11/11/ 2010) :

a) In die geval van ‘n fisiese bakleiery word die aggressor/s summier tydelik as voorkomende maatreël geskors vir 7(sewe) dae.
Die ander party/e betrokke by bakleiery kan ook as ‘n voorkomende maatreël, tydelik vir 7(sewe) dae geskors word, afhangende van hulle deelname/betrokkenheid by die insident.

5 Nadat die skorsingskomitee voorkomende skorsing toegepas het, moet die Dissiplinêre Komitee binne sewe(7) skooldae dissiplinêre verrigtinge teen sodanige leerder hou op die wyse in Artikel 8 van die wet beoog.

6 Indien dissiplinêre verrigtinge nie binne sewe(7) dae na die skorsing van ‘n leerder gehou word nie, moet die Beheerliggaam die goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortsetting van die skorsing van sodanige leerder.

7 Die Beheerliggaam kan, nadat ‘n leerder gedurende die dissiplinêre verrigtinge in Artikel 8 beoog, skuldig bevind is aan ernstige wangedrag-

7.1 Skorsing van sodanige leerder vir ‘n tydperk van hoogstens sewe(7) skooldae oplê, of enige ander sanksie in die gedragskode van die openbare skool beoog of

7.2 ‘n Aanbeveling aan die Departementshoof doen om sodanige leerder uit die openbare skool te sit.

8 ‘n Leerder of die ouer van ‘n leerder wat uit ‘n openbare skool gesit is, kan binne veertien(14) dae na ontvangs van die kennisgewing van uitsetting teen die beslissing van die Departementshoof appèl aanteken by die lid van die Uitvoerende Raad.

2.4 GRIEWEPROSEDURE VAN VEREENIGING GIMNASIUM ALGEMENE BEPALINGS EN ReëLS

2.4.1 Inleiding

Die grieweprosedure mag gebruik word ten opsigte van griewe.
Griewe is enige gevoel van onregverdigheid wat ‘n leerder ten opsigte van sy/haar deelname aan die skoolaktiwiteite mag hê. ‘n Grief kan egter nie ontstaan uit ‘n saak wat voortspruit uit die toepassing van die dissiplinêre kode van die skool nie.

2.4.2 Definisie

‘n Grief is ‘n klagte van ‘n leerder en/of groep leerders teen ‘n ander leerder(s), onderwyser en/of die skool met betrekking tot die leerder-skoolverhouding en/of die deelname aan die programme van die skool, of met betrekking tot die beweerde mis-interpretasie, of aantasting van sodanige leerling of leerders se regte.

2.4.3 Toepassing

Die grieweprosedure sal beskikbaar wees aan alle leerders.

2.4.4 Deel van die skoolbeleid

Hierdie grieweprosedure vorm deel van die skoolbeleid.

2.4.5 Doel en vlak waarop grief opgelos moet word

Daar moet gepoog word om die grief so spoedig en informeel moontlik op ‘n persoonlike vlak en op die laag moontlikste vlak en so na as moontlik aan die oorsaak van die klagte, op te los. Dit het ten doel om te voorkom dat ‘n formele klagte uit ‘n grief voortvloei. Indien ‘n formele

klagte noodwendig uit ‘n grief voortvloei, sal dit hanteer word ooreenkomstig die formele prosedure soos deur die beheerliggaam bepaal.

2.4.6 Tydsbeperkings

Nieteenstaande enige tydsbeperkings wat in die prosedure mag voorkom, kan die partye deur onderlinge ooreenkoms die saak spoedig hanteer. Indien die partye op ‘n langer tydskaal ooreenkom, moet dit op skrif gestel en deur die partye onderteken word. In laasgenoemde geval, moet dit ook formeel aan die skoolhoof gerapporteer en deur hom/haar goedgekeur word.

3.4.7 Verteenwoordiging

‘n Leerder kan deur ‘n mede-leerder, te enige tyd gedurende ‘n griewe-prosedure ondersoek, verteenwoordig word.

2.4.8 Wanneer griewe gelug moet word

‘n Grief moet binne vyf skooldae, nadat dit onder die aandag van die leerder gekom het, geopper word. Na sodanige tydperk kan die leerder hom/haar nie op die grieweprosedure beroep nie.

DWELMBELEID VAN VEREENIGING GIMNASIUM

Vereeniging Gimnasium is bewus van die druk waaronder ons leerders verkeer ten opsigte van euwels soos onder andere dwelmgebruik. As verantwoordelike personeel van Gimmies, is ons saam met ons ouers bekommerd oor die blootstelling aan dwelms en die nadelige gevolge wat dit vir ons leerders kan inhou.

Ons is realisties genoeg om te besef dat Gimnasium nie vrygestel word van hierdie toenemende probleem onder die jeug nie. Daarom poog ons om pro-aktief op te tree ten einde ons leerders teen die gevare van dwelmgebruik te beskerm.

By Vereeniging Gimnasium word die volgende stappe teen dwelmgebruik geneem:

* Kundiges van buite word gereeld betrek by opvoedkundige lesings om inligting rakende die gevare van dwelmgebruik aan die leerders deur te gee.
* Leerders word deurgaans in LO blootgestel aan opvoedkundige lesings en materiaal soos plakkate, DVD’s, artikels en huiswerkopdragte wat die nadele van dwelmgebruik beklemtoon.
* Daar word op ‘n deurlopende basis met die SAPD en hulle honde-eenheid saamgewerk vir klopjagte en deursoekings.
* Personeel se kennis word opgeskerp deur middel van opleiding en kursusse om op hoogte te bly van die nuutste tendense rakende dwelms.
* Ons skool beskik verder oor die dienste van beraders wat leerders bystaan en ondersteun ten opsigte van dwelmgebruik.
* Indien ‘n leerder gevang word wat by die gebruik, besit of verkoop van dwelms, betrokke was, of die vermoede bestaan dat die leerder daarby betrokke is, word die volgende stappe teen sodanige leerder ingestel:
  - Die leerder word onmiddellik getoets vir die gebruik van ‘n verbode middel.
  - Die polisie word betrek om ‘n klag van dwelmgebruik/-besit te lê,
  - Die ouers word onmiddellik in kennis gestel om kind te vergesel,
  - Die betrokke leerder word aan die polisie oorhandig,
  - Die staatsaanklaer hanteer klag in kinderhof vir “diversion” program,
  - Uitslag van verhoor word aan skool gestuur vir optrede,

- Gimnasium sal alles in sy vermoë doen om die leerder in sy rehabilitasieproses by te staan en te ondersteun.

GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN TE **VEREENIGING** OP DIE **9e** DAG VAN **MEI 2022**.

_____
BEHEERLIGGAAM VOORSITTER